



## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

Bergrivier Munisipaliteit verseker die welstand van alle gemeenskappe in sy gebied deur ekonomiese groei, sosiale welstand, gemeenskapsbetrokkenheid en effektiewe bestuur binne 'n veilige en gesonde omgewing. Vroue en persone met gestremdhede word aangemoedig om aansoek te doen.

Bergrivier Munisipaliteit, met sy hoofkantoor te Piketberg en ongeveer 1 uur vanaf Kaapstad, beskik tans oor die volgende vakature en aansoeke word ingewag van bevoegde persone wat aan die gestelde minimum posvereistes voldoen.

### DIREKTORAAT:TEGNIESE DIENSTE (Standplaas Eendkuil)

#### TREKKER DRYWER: ALLE DIENSTE (EENDEKUIL)

**Posvereistes:** Bevoegdheid in ten minste twee van die amptelike tale van die Wes-Kaap (Afrikaans/Engels/Xhosa Lees, Skryf en Praat) · Kode EB bestuurslisensie met PrDP · Vermoë om op fynere besonderhede te let · Hoëvlak van verantwoordelikheid · Moet fisies fiks en bekwaam wees · Moet onder alle werkstoestande werk · Moet buite normale werkstye tydens noodgevalle en beplande oortyd werk · Moet pligte in die hele gebied van die munisipaliteit uitvoer indien nodig · Ses (6) maande toepaslike ervaring in die sleutel prestasie area.

**Sleutel prestasie areas:** Voer spesifieke take/aktiwiteite uit by die Depot voor en na voltooiing van die toegewysde instandhoudingsopdragte (strate, sypaadjes, water- en rioolnetwerke) · Voltooï interne transaksiedokumentasie (logstate, tydstate, instandhoudings- en aktiwiteitsprogramme) en verwante vorms (voertuigkontrolelys) · Voer spesifieke take uit wat verband hou met die gebruik van trekker tydens instandhoudingsaktiwiteite (strate, sypaadjes, water- en rioolnetwerke) · Onderneem spesifieke aktiwiteite/take wat verband hou met die proses van die uitroei van onkruid · Voer enige verwante pligte uit soos versoek deur die toesighouer.

**Salaris:** R 133 968.00 per jaar (T06 van 'n Kategorie 3 Plaaslike Owerheid)

**Diensaanvaarding:** 01 Mei 2021 of so spoedig moontlik

**Navrae:** Mr E Bothma by (022) 931 2100

#### ALGEMEEN:

1. 'n Diensbonus gelykstaande aan een maand se salaris is, waarvan toepassing, sal betaalbaar wees en word aangevul deur die normale voordele van toepassing op die Munisipaliteit, met begrip van 'n behuisingsstoelae vir huiseienaars, onderhewig aan sekere voorwaarde.
2. Die Munisipaliteit is 'n gelyke geleenthed werkgewer en eerbiedig die bepalings van die Wet op Gelyke Indiensneming.
3. Die Munisipaliteit behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.
4. Alle aanstellings is onderworpe aan 'n polisieklaaring wat noodwendig beteken dat applikante toestemming verleen dat dit verkry mag word.
5. Aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word of nie vergesel van die dokumentasie hieronder genoem nie, sal nie oorweeg word nie.
6. Slegs aansoekers op die kortlyk vir onderhoude sal gekontak word. Indien 'n aansoeker binne 6 weke na die sluitingsdatum nog geen terugvoering ontvang het nie, moet aanvaar word dat hul aansoek onsuksesvol was.
7. Gunswerving by enige raadslid en/of enige lid van die aanstellingskomitee en/of enige personeellid van die Munisipaliteit, is ontoelaatbaar en sal aansoekers onmiddellik diskwalifiseer.
8. Benewens die minimum posvereistes en standplaas hierin gestel, mag daar van posbekleërs verwag word om oortyd- en bystanddiens te verrig, asook om van tyd tot tyd in ander dele van die munisipale gebied diens te lewer, soos vereis.
9. Aanstelling in sekere poste is onderhewig aan 'n sekerheidsverklaring en daar sal ook van aansoekers verwag word om 'n onderhoud- en evalueringsproses te deurloop en waarvan toepassing, 'n vakteks af te lê.

'n Dekbrief met vermelding van ten minste drie kontakbare verwysings, vergesel van die voltooide voorgeskrewe aansoekvorm (op aanvraag verkrygbaar by Tel: 022 913 6000 of op die munisipaliteit se webwerf by [www.bergmun.org.za](http://www.bergmun.org.za)), 'n Curriculum Vitae (maksimum 3 bladsye) en gesertifiseerde afskrifte van die nodige kwalifikasie sertifikate, identiteitsdokument en bestuurderslisensie (slegs een pos per aansoekvorm) moet by die Munisipale Kantore, Piketberg ingedien word of kan gepos word na Posbus 60, Piketberg, 7320 vir die aandag van Me W Terry Thomas, om haar te bereik teen nie later nie as die sluitingsdatum.

GEEN FAKSE OF ELEKTRONIESE POS SAL AANVAAR WORD NIE.

**SLUITINGSDATUM : VRYDAG, 05 MAART 2021 OM 14:30**

ADV. H LINDE

MUNISIPALE BESTUURDER

MK28/2021

KERKSTRAAT 13

POSBUS 60

PIKETBERG

7320